## DIE ONTSTAAN, NUT EN GEBRUIK VAN BRONNEPUBLIKASIES

Een van die erkende pligte van 'n moderne Staat en van 'n goedgeordende Argief bestaan daarin dat hy sy belangrikste bronne die lig laat sien deur bronnepublikasies te publiseer. Veral die oudste bronne wat dikwels deur historici geraadpleeg word, is deur gedurige hantering onderhewig aan slytasie. Die publikasie van dokumente kan baie doen om hierdie slytasie tot 'n minimum te beperk.

In ons eie land is die noodsaaklikheid van bronnepublikasie reeds vroeg besef. Reeds in 1876 het die destydse Argiefkommissie in hul rapport by die regering aanbeveel dat „your Commissioners are of opinion that some of the records are of sufficient public interest to justify their publication at the public expense under the direction of a competent person to be appointed by the Government for the purpose".[1] Volgens hierdie aanbeveling is toe handelend opgetree. In die daaropvolgende jare het H. C. V. Leibbrandt as „Keeper of the Archives" en G. McCall Theal, wat later as „Colonial Historiographer" aangestel is, begin met die voorbereiding van bronnepublikasies. Theal was eerste op die mark met sy *Abstracts of the Debates and Resolutions of the Council of Policy at the Cape from* 1651-1687 wat in 1881 die lig gesien het en deur Saul Solomon gedruk is. Theal het dit 'n kompilasie genoem, wat in die vorm van 'n indeks opgestel was met die doel om navorsing in die Argief te vergemaklik. Op die titelblad het hy laat druk „Prepared by George M'Call Theal while Keeper of the Archives".

Later het Theal besef dat hierdie eerste poging van hom om Argivale bronne uit te gee nóg as bronnepublikasie nóg as indeks bevredigend was en toe hy deur 'n gekose komitee in 1895 ondervra is, het hy geantwoord dat hy 'n dergelike „précis" in die lig van latere ervaring as waardeloos beskou. 'n Verdere vraag of hy van mening was dat die oorspronklike dokumente uitgegee moes word, het hy onomwonde bevestigend beantwoord. Op die wedervraag: „It would be at an enormous cost, do you not think?", was sy antwoord: „Yes, but when it is done, it is done for ever".[2] Die enigste bronnepublikasies wat dus volgens Theal waarde gehad het, was dié wat *verbatim et literatim* uitgegee word.

Op hierdie fondament wat deur Theal gelê is, het ons voortgebou. Eers later is tewens besef dat baie meer redaksionele werk as wat Theal gedoen het, die onmisbare vereiste van 'n goeie bronnepublikasie is. So word in die blad van die „British Records Association" die historikus wat die 12de eeu beskryf, gelukkig genoem, aangesien „most of his sources lie before him in printed volumes, edited, indexed and tolerably easy to handle". Hieraan voeg die skrywer met weloorwoë insig toe: „This process of editing is not simply a luxury: it is an indispensable stage in the writing of a reliable history".[3]

---

1. *Votes and Proceedings, House of Assembly,* 1876 in *Annexures,* G.9, 1877.
2. *Report of Select Committees, Cape of Good Hope,* 1895, vrae 90 en 91, p. 19.
3. Sien artikel in *Archives,* no. 1, p. 32.

By ons is daar nog baie studente wat hulle nie bewus is van die enorme voordele wat gepubliseerde bronne hul bied nie. Veronderstel 'n student in die geskiedenis het sy onderwerp met sorg en na raadpleging van bevoegde persone gekies. Sy bronne lê oral verspreid in een of meer argiefbewaarplekke in ons land en in die buiteland. Indien hy 'n sewentiende eeuse tydperk gekies het, moet hy eers die skrif en die taal onder die knie kry, voordat hy selfs met sy werk kan begin. Woorde wat op die oog af dieselfde lyk, is tog verskillend van betekenis. Ander woorde het verouderd geraak en word nie meer in gewone Nederlandse woordeboeke gevind nie. Vir die gewone M.A.-student, wat hoogstens 'n paar jaar tot sy beskikking het, lyk die taak so gedug dat hy hom slegs selde aan hierdie vroeë en tog so belangrike jare van ons geskiedenis waag.

Baie van hierdie moeilikhede word uitgeskakel deur bronnepublikasies wat op staatskoste beskikbaar gestel word. Kies die student byvoorbeeld 'n onderwerp wat tussen die jare 1651 en 1719 val, dan het hy reeds tot sy beskikking die *Dagregisters* tot 1662, die *Kaapse Plakkaatboeke* tot 1806 en die *Resolusies van die Politieke Raad* tot 1719. Die vier bande van die Resolusies, waarvan die vyfde eersdaags verwag word, stel hom in staat om dikwels 'n kort pad te loop en deeglik vertroud te raak met baie bronne, voordat hy die Argief besoek het. Kies hy byvoorbeeld 'n onderwerp soos Slawerny, dan stel die register van die bronnepublikasie hom in staat om vas te stel waar en hoe die onderwerp in die bronne voorkom. In die annotasies vind hy kruisverwysings na bronne wat nog nie gepubliseer is nie, maar wat nou maklik in die Argiewe gevind en geraadpleeg kan word. In die woordelyste agter in die bronnepublikasies word moeilike woorde verduidelik. Wanneer die student nou die Argief vir die eerste maal besoek, kan hy deur vergelyking van die publikasie met die oorspronklike stuk die skrif gouer leer lees. Dele van die bron wat hy spesifiek wil gebruik, kan aan die hand van die oorspronklike bron gekontroleer word, want die bronnepublikasie is wel 'n kort pad, maar geen plaasvervanger van die oorspronklike bron nie.

Ook die publikasies wat deur die Staat uit die argiewe in Transvaal, die Vrystaat en Natal uitgegee word, is van groot waarde vir die navorser, want waar die notule van die Volksraad en die „Records of the Natal Executive Council" gepubliseer is, word tewens die stukke wat in die vergaderinge afgehandel is, *verbatim et literatim* weergegee. Aangesien die oplaag van sulke bronnepublikasies klein is en die pryse in verhouding tot die koste wat aan sulke publikasies verbonde laag is, gee ons 'n oorsig van dié publikasies wat nog verkrygbaar is by die Staatsdrukker in Kaapstad en Pretoria:[4]

1. Kaapse Archiefstukken, 1778 ........ R1-25
2. Kaapse Archiefstukken, 1779 ........ R1-75
3. Kaapse Archiefstukken, 1780 ........ R1-75

4. Die adres van die Staatsdrukker in Pretoria is Privaatsak 85, Bosmanstraat, Pretoria. Die adres van die Staatsdrukker in Kaapstad is Posbus 571, Kaapstad.

4. Kaapse Archiefstukken, 1781 ...... R1-75
5. Kaapse Archiefstukken, 1782, deel I ...... R1-75
6. Kaapse Archiefstukken, 1782, deel II ...... R2-25
7. Kaapse Archiefstukken, 1783, deel I ...... R2-75
8. Kaapse Plakkaatboek, 1652-1707, deel I ...... R2-75
9. Kaapse Plakkaatboek, 1707-1753, deel 2 ...... R2-75
10. Kaapse Plakkaatboek, 1754-1786, deel 3 ...... R2-75
11. Kaapse Plakkaatboek, 1787-1795, deel 4 ...... R3-25
12. Kaapse Plakkaatboek, 1795-1803, deel 5 (Engels) ...... R3-25
13. Kaapse Plakkaatboek, 1803-1806, deel 6 ...... R3-25
14. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Resolusies van die Politieke Raad, 1651-1669, deel 1 ...... R4-20
15. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Resolusies van die Politieke Raad, 1670-1680, deel 2 ...... R4-20
16. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Resolusies van die Politieke Raad, 1681-1707, deel 3 ...... R4-20
17. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Resolusies van die Politieke Raad, 1707-1715, deel 4 ...... R4-20
18. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, 1717-1719, binnekort verwag.
19. Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, deel 1 ...... R4-00
20. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Notule van die Volksraad, Transvaal, 1845-1850 ...... R4-20
21. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Notule van die Volksraad, Transvaal, 1851-1853 ...... R4-20
22. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Notule van die Volksraad, Transvaal, 1854-1858 ...... R4-20
23. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Notule van die Volksraad, Transvaal, 1859-1863 ...... R4-20
24. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Notule van die Volksraad, Transvaal, 1864-1866 ...... R4-20
25. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Notule van die Volksraad, Transvaal, 1866-1867 ...... R4-20
26. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 ...... R4-20
27. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Notule van die Volksraad, O.V.S. 1856-1857 ...... R4-20
28. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Notule van die Volksraad, O.V.S. 1858 ...... R4-20
29. South African Archival Records, Notule Natalse Volksraad, 1838-1845 ...... R4-20
30. South African Archival Records, Records of the Natal Executive Council, 1846-1848 ...... R4-20
31. South African Archival Records, Records of the Natal Executive Council, 1849-1852 ...... R4-20
32. South African Archival Records, Records of the Natal Executive Council, 1853-1856 ...... R4-20

Dr. A. J. Böeseken.